

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Woorddiens

Tema: Wat beteken dit om met wysheid te leef?

Skriflesing: Efesiërs 5:15-20 (1953)

¹⁵ Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse;

¹⁶ en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.

¹⁷ Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.

¹⁸ Moenie dronk word van wyn nie — daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.

¹⁹ Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,

²⁰ terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus,

Broodjies vir die pad

Fall in Love

Attributed to Fr. Pedro Arrupe, SJ (1907-1991)

Nothing is more practical than finding God, than falling in Love in a quite absolute, final way. What you are in love with, what seizes your imagination, will affect everything. It will decide what will get you out of bed in the morning, what you do with your evenings, how you spend your weekends, what you read, whom you know, what breaks your heart, and what amazes you with joy and gratitude. Fall in Love, stay in love, and it will decide everything.



Verlossing.

Gedicht van Geert Boogaard

Je bent gedragen om verlost te worden
gekomen om te gaan
de streng die je bond
aan het lichaam van je moeder
moest verbroken worden
om je te laten leven.

Dit mogen we nooit vergeten:
je bent geen bezit.

Wij hebben j ou niet
jij hebt  ns
om je te leiden
te beschermen
te bewaren voor angst
om je te zeggen
dat we niet bang zijn
als het onweert
en met je te zingen in de nacht.

Wij zijn toeschouwers
aan de rand van je leven
we mogen je gadeslaan
terwijl je speelt en naar je lachen
terwijl je verloren bent
in wat je ziet en doet.
We zien je langzaam worden wat je bent
we houden de weg open naar je geluk
en trachten te verhinderen
dat je wordt
wat je niet zijn kunt.
Als je naar God vraagt
vertellen we van Jezus
als je naar de dood vraagt
vertellen we van het leven
vraag je waar je vandaan komt
dan zullen wij zeggen:
uit de wereld der liefde.
Je mag ons eenmaal verlaten
je bent er om dat te doen
je mag je heengaan voleindigen.
Al wat wij voor je deden is voorlopig.
Je moet ons niet worden.
Je moet jezelf worden.
Je moet worden waarheen je wijst:
je eigen wonder.
We hopen voor je
altijd
je verschijnt in onze gebeden.
We hopen dat je blij zult worden
levend in de schepping
man en vrouw
wandeland in licht
van vergeving
en wachtend op het Rijk.

Je mag gaan.
Je zult het.
Het is een gebod
een belofte.
Ga heen in vrede.

Brood vir die pad

Begin eerder skoffel en spit aan jou tuin

Abel Pienaar

George Bernard Shaw het in die 1930's 'n ruk lank in Suid-Afrika vertoef waartydens hy 'n klein boekie geskryf het, getiteld *The Adventures of the Black Girl in Her Search for God*.

Die boekie het soveel teenreaksie van Christene van die tyd ontlok dat die aanvraag na die boekie ongekende hoogtes ingeskiet het. In 1932 het die boekie al sy vyfde herdruk beleef. In hierdie werk verklaar Shaw dat hoewel hy glo die Bybel is net 'n mensgeskrewe boek, dit nogtans 'n belangrike boek is, veral rakende die etiese boodskap en die geskiedkundige waarde daarvan.

In elk geval, Shaw se storie begin waar 'n swart dogtertjie, wat net na sy deur 'n sendeling tot die Christendom bekeer is, vir die sendeling vra:

“Waar is God?”

Die sendeling antwoord dat as sy soek, sal sy vind. En so begin die meisie se soektog na God. Al wat sy saam met haar neem (so gaan die storie) is 'n knopkierie. Met hierdie knopkierie wil sy al die afgode wat sy op haar soektog teëkom platslaan.

Natuurlik ontmoet sy 'n hele aantal voorstellings van God. Eerste ontmoet sy die God van die Leërskaar, die God van Noag, die wrede god wat bloedoffers eis. Maar vinnig verwerp sy hierdie bese God.

Dan kom sy uiteindelik by Job uit, hier ontmoet sy 'n spottende, ou-man-God wat net meerderwaardig lag as sy hom vra hoekom Hy die wêreld goed en sleg gemaak het. Die meisie dink by haarself dat hierdie God net soos die vele ou mans van haar tuisdorp is. Sy soek eerder verder.

Dan kom sy by iemand uit van wie sy nogal hou: Prediker. Sy hou van sy eerlikheid, maar voel dat hy te negatief is en nie werklik die lewe kan geniet nie. Sy reis verder en kom by die profeet Miga aan. Hoewel sy hou van Miga se God wat geen offerhandes verwag nie, vind sy vinnig dat hierdie God niemand vertrou nie. Hy laat niemand toe om op hulle eie besluite te neem of self te dink oor die lewe nie. Hoekom het God dan vir my twee oë gegee en 'n verstand om te gebruik, dink sy by haarself? Sy reis eerder verder.

Nou kom die meisie by 'n atëis aan. Hy vertel vir haar dat God net 'n gekondisioneerde reaksie van die mens is (baie soos Pavlof en sy eksperiment met honde.) Toe die meisie hom vra of hy enigsins slimmer ná sy eksperiment is, sê hy: “Ek stel nie daarin belang om God te bewys of nie, my doel is om meer te leer van dit wat ek voor my aantref en sodoende by te dra tot die groter liggaam van wetenskaplike kennis.”

Dit is ietwat van 'n doodloopstraat vir die meisie, so sy besluit om nog verder te soek.

Só ontmoet sy 'n Romeinse soldaat vir wie God die Romeinse Ryk is.

Dan tref sy Jesus in twee verskillende vorme aan, een 'n kunstenaar en die ander 'n idealistiese jongman. Toe sy hom vra “Wie is God?” antwoord hy dat God binne haar is en dat Hy haar Vader is. Dit werk nie vir die meisie nie, want haar eie pa was wreed en het selfs probeer om haar aan 'n wit soldaat te

verkoop. Toe sy groter was, kon sy hom gelukkig met haar knopkierie plat slaan. Nee, vir haar werk 'n Vader-God nie, sy sou verkies as God eerder 'n Moeder was. Hulle praat nog 'n rukkie en dan sê Jesus vir haar as sy ernstig is om God te vind, moet sy aanhou soek. Dan verdwyn hy.

Die volgende wat sy teëkom, is Petrus. Sy sien dat hy swaar dra aan die kerk op sy rug. Maar dan vertel Petrus haar dat die kerk op sy rug eintlik maar net van papier gemaak is. Net toe kom daar ander mense wat ook papierkerke op hul rug dra, party is kleiner en ander leliker.

Vinnig begin hulle onder mekaar te stry oor wie se kerk die beste is, dit ontaard later in 'n gegooi van klippe, soveel so dat die meisietjie moet vlug vir haar lewe.

Die volgende persoon wat sy raakloop is Paulus. Hy vertel haar dat hy wag op die wederkoms. Sy kry hom baie jammer, want sy sien hy gaan nog lank wag.

Nadat sy Paulus verlaat het, kom sy op die Karavaan van die Nuuskieriges af: die filosowe en wetenskaplikes. Vir hulle is God net 'n fabel. Maar die meisietjie vind dat hulle te twisgierig is en sê vir hulle dat sy sien hulle vra net vae omdat dit vir hulle lekker is. Hulle wil nie regtig 'n antwoord vind nie.

Aan die einde van haar soektog kom die meisietjie by die Franse verligtingsfilosoof Voltaire aan. Hy is besig om in sy tuin te skoffel en te plant. As sy vir hom vra oor God, is sy antwoord aan haar dat hy dit nie kan antwoord nie.

As sy uitvra oor sy tuin, antwoord hy dat hy gevind het dat daar nie veel meer is vir die mens om te doen as om te probeer om jou eie tuin na die beste van jou vermoë te bewerk nie. Die meisie besluit dan om hier by Voltaire te bly en ook vir haar 'n tuin te maak en te versorg na die beste van haar vermoë.

Het jy al in jou tuin begin werk? Of soek jy nog wild na 'n God? Wag jy nog op een of ander groot openbaring? Of glo jy nog steeds dat daar ander slimmer, heiliger en belangriker mense is wat al die antwoorde ken? Soek jy na 'n profeet wat vir jou presies kan sê wie God is? Hoop jy daar bestaan 'n kerk of godsdiens wat weet?

Intussen het jy jou tuin, hier en nou. 'n Tuin vol skatte en skoonheid; wanneer gaan jy begin om te skoffel en te spit? Miskien lê al die antwoorde waarna jy soek in jou tuin.

Die Franse filosoof André Comte-Sponville het in sy tuin die volgende wysheid gevind: “Everything is complex and everything is simple. The rose has no why attached to it; it blooms because it blooms, without any thought of self, or desire to be seen. What could be simpler for someone who wants nothing? The complexity of thinking, the simplicity of beholding.”

So, waarvoor wag jy? Dis tyd dat jy jou eie tuin begin bewerk. En as jy nie weet waar om te begin nie, begin dan by die woorde van Kahlil Gibran: “If you would know God, be not therefore a solver of riddles. Rather look about you and you shall see Him playing with your children. And look into space; you shall see Him walking in the cloud, outstretching His arms in the lightning and descending in rain. You shall see Him smiling in flowers, then rising and waving His hands in trees.”

<http://www.netwerk24.com/stemme/menings/2015-08-13-kop-hart-blog-begin-eerder-skoffel-en-spit-aan-jou-tuin>